

INHOUD

1. Voorsittersverslag
2. Aktuariële waardasie – 1 Januarie 2021
3. Hoe het die markte gevaar gedurende die kwartaal tot 31 Desember 2021?
4. Beleggings van die Fonds
5. Beleggingsbeleidsverklaring
6. Reëlverandering
7. Elektroniese voordeel- en projeksiestate
8. Bydraes tot die Fonds
9. Belangrike vrae om jou finansiële adviseur te vra
10. Koste van risikovooredele
11. Hoekom dit so belangrik is om jou begunstigdebeneemingsvorm op datum te hou
12. Regering se voorstel oor toegang tot 'n deel van jou aftreevoordeel terwyl jy nog 'n aktiewe fondslid is
13. Wat is 'n voorsorgfonds?
14. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF
15. Bestuur van die Fonds
16. Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer
17. Die diensverskaffers van die Fonds
18. Belangrike kontakbesonderhede

1. Voorsittersverslag

Met die aanbreek van elke nuwe jaar sien ons uit na 'n nuwe begin, nuwe besluite, nuwe prestasies en nuwe uitdagings. Die lig aan die einde van die 2021-tonnel was die opheffing van die aandklokke, wat vir die meeste 'n sug van verligting gebring het, en sommige hoop gegee het dat ons weer 'n mate van normaliteit sal bereik. Alhoewel dit lyk of die bedreiging van die Covid-19-pandemie stadigaan begin afneem, tref ons nog steeds die nodige voorsorgmaatreëls en volg die protokolle. Bowenal het die afgelope twee jaar weer gewys hoe veerkragtig en aanpasbaar ons as mense is.

Finansiële markte het in 2021 goed herstel en die SURF-portefeuljes het oor die afgelope 12 maande uitstekende beleggingsopbrengste behaal. Die Groeiportefeulje het 22.3% vir die jaar 2021 aangeteken.

Indien jy jou lidbydrae tot SURF oor die afgelope twee jaar verlaag het, moedig ons jou sterk aan om jou bydraekoers te verhoog namate jou finansiële situasie herstel. Deur meer en langer vir aftrede te spaar, kry lede die voordeel van saamgestelde

rente plus uitstryking van die wisselvalligheid van korttermyn-opbrengste.

Veranderinge aan die Versekeringswet (Wet 18 van 2017) vereis nou dat die sterftevoordeel van die nie-goedgekeurde groeplewenspolis (US Groeplewenskema) direk aan begunstigdes uitbetaal word ooreenkomstig die ooreenkomstige lid se begunstigdebeneemingsvorm. Daarom vra ons dat jy asseblief jou begunstigdebeneemingsvorm invul om seker te maak daar is geen oponthoud met die betaling van jou sterftedekking indien jy te sterwe kom nie.

Die Fonds se aktuaris het gedurende die jaar die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2021 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk in 'n gesonde finansiële posisie verkeer het.

Ten slotte wens ek almal 'n produktiewe en gesonde jaar toe, en ek hoop almal bly veilig.

Prof Niel Krige
Voorsitter

2. Aktuariële waardasie – 1 Januarie 2021

Die Fonds se aktuaris het die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2021 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk 'n gesonde finansiële posisie gehandhaaf het. Die Fonds se bates was toereikend om lede se fondswaardes asook die verskillende reserwes teen 'n befondsingsvlak van 100% te dek. Die aktuaris het bevestig dat die Fonds se beleggingstrategie toepaslik bly ten opsigte van die Fonds se lidmaatskapstruktuur en die verwagte termyn van die Fonds se verpligtinge. Die aktuariële waardasie is deur die Raad van Trusteese goedgekeur en by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.



3. Hoe het die markte gevaar gedurende die kwartaal tot 31 Desember 2021?

Internasionale aandele het herstel van die daling wat laat in die derde kwartaal ondervind is, en die jaar naby rekordhoogtepunte afgesluit. Aandele is ondersteun deur 'n verbetering in die ekonomiese omgewing en 'n sterk verdiensteseisoen vir internasionale maatskappye, wat tot verdere opgraderings van verdienstevooruitskattings gelei het. Die markte het egter onbestendig gebly en die verskyning van die hoogs aansteeklike Omicron Covid-19-variant het bygedra tot 'n geringe markregstelling laat in November.

'n Meer aggressiewe benadering deur internasionale sentrale banke, veral in die VS en die VK, in reaksie op stygende inflasiesyfers, het aanleiding gegee tot onsekerheid. Daar is aanduidings dat verskaffingsprobleme wêreldwyd aan die afneem is en dat inflasiedruk binne afsienbare tyd 'n spits kan bereik. Rentekoersverhogings en die afskaling van monetêre steun word egter nog steeds verwag. Die Amerikaanse arbeidsmark het steeds strammer geraak (die indiensnemingsyfer het gedaal tot onder die Amerikaanse Federale Reserweraad se raming van "volle indiensneming" op 4%) en ondersteun die rentekoersverhogingsiklus in 2022.

Die aandele van ontwikkelde markte het gedurende die kwartaal gestyg, te midde van die positiewe ekonomiese en verdienste-omgewing. Die MSCI Wêreldindeks (wat ontwikkelde lande verteenwoordig) het 7.8% in Amerikaanse dollar aangeteken vir die kwartaal. Waardasies van Amerikaanse aandele bly hoër as dié van breër ontwikkelde markte, en is gekonsentreer in megakapitalisasie-tegnologie-aandele. Die aandele van ontluikende markte het gedurende die kwartaal teruggesak en -1.3% aangeteken, hoofsaaklik weens 'n daling in die Chinese aandelemarkt. Dit is veroorsaak deur 'n beduidende afname in China se groeikoers teen die jaareinde, as gevolg van lae verbruikersbesteding, 'n styging in Covid-19-infeksiëkoerse, streng beperkingsmaatreëls deur die Chinese regering en beperkte produksie-aktiwiteit.

SA se ekonomiese datapunte het swak gebly: BBP-groei vir die derde kwartaal van 2021 was 1.5% laer (kwartaal tot kwartaal), en op 'n jaargrondslag het BBP-groei tot 2.9% afgeneem in die derde kwartaal. Die saamgestelde Aankoopbestuurdersindeks (PMI), wat onveranderd op 48.4 was vir Desember, is ook 'n aanwyser van die ekonomiese inkrimping. Dit was grotendeels toe te skryf aan inperkingsmaatreëls en die onluste in Julie.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het die repokoers met 0.25% tot 3.75% verhoog by hul vergadering in November 2021. Soos allerweë verwag is in die mark, het die SARB op 27 Januarie 2022 nog 'n repokoersverhoging van 0.25% aangekondig. Inflasie het jaar tot jaar tot 5.9% versnel in Desember. Dit is die hoogste vlak sedert Maart 2017 en ver bo die SARB se mikpunt van 4.5% p.j. Die inflasiestyging was hoofsaaklik die gevolg van prysstygings van nutsdienste, voedsel en brandstof.


Die FTSE/JSE Beperkte SWIX se opbrengs van 8.7% vir die kwartaal was te danke aan die hulpbronindeks, wat met 21.6% gestyg het, gevolg deur die stewige winste van die nywerheids- en genoteerde eiendomsindekse, wat onderskeidelik 16.1% en 8.4% aangeteken het. Nywerheidsaandele het oor die jaartydperk 'n laer opbrengs as hulpbronne en finansiële aandele aangeteken – grotendeels as gevolg van die vinnige daling in Naspers en Prosus se aandeelpryse. Die verwante maatskappye se aandeelpryse is geraak deur strengere regulering van die tegnologiese sektor deur die Chinese regering, en het oor die jaar meer as 18% verloor.

Inflasiegegekoppelde effekte wat 5.2% en vastekoers-effekte wat 2.9% behaal het oor die kwartaal, het kontant wat slegs 1% behaal het, met gemak uitpresteer.

Die rand het gedurende die kwartaal verswak teenoor groot geldeenhede, met 'n verlies van 6.1% teenoor die Amerikaanse dollar, 6.6% teenoor die Britse pond en 4.1% teenoor die euro. Oor die volle jaar het die rand veld verloor en 8.7% swakker teenoor die dollar geëindig.

Die tabel hieronder toon die opbrengste van groot indekse in SA rand, oor verskillende metingstydperke tot 31 Desember 2021.

Groot indekse se opbrengste oor tydperke van tot 5 jaar



4. Beleggings van die Fonds

SURF bied jou 'n lewensfase-beleggingsportefeulje as verstekkeuse, waar jou geld in die Groeiportefeulje belê word totdat jy ouderdom 60 bereik. Vanaf ouderdom 60 word lede se geld outomaties uit 'n hoëgroei- hoërisiko-portefeulje in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer oor 'n tydperk van ses jaar.

Volgens dié strategie word die fondswaarde vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas – in gelyke dele, by wyse van 25 kwartaallikse oorplasinge. Dit sal tot gevolg hê dat die fondswaarde op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Afgesien van die verstek-beleggingstrategie, bied SURF ook ander beleggingsopsies aan lede vanaf ouderdom 53. Lede kan uit vyf beleggingsportefeuljes kies, naamlik:

- Groeiportefeulje (die verstek-beleggingsportefeulje tot ouderdom 60);
- Multi-bestuurde Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Multi-bestuurde Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Kapitaalbeskermingsportefeulje; en
- 'n Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied.

SURF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstop uit die Shari'ah-portefeulje teruggaan na die lewensfase-beleggingstrategie.

Die Raad van Trusteë monitor en evalueer deurlopend SURF se beleggingstrategie. Hierdie proses behels onder meer dat die beleggingsportefeuljes, strategiese batetoewysing asook die prestasie van al die onderliggende batebestuurders geëvalueer word.

Raadpleeg asseblief 'n geakkrediteerde finansiële adviseur as jy enige van die beleggingsopsies op die lys hierbo wil benut.

Hoe het die Fonds se lewensfase- en ander lidbeleggingskeuse-portefeuljes presteer tot 31 Desember 2021?

Groeiportefeulje

'n Opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste tot 31 Desember 2021 verskyn in die tabel hieronder:

Tydperk	Groeiportefeulje	Portuurgroep- topkwartiel*	Inflasie plus 5%
12 maande	22.3%	23.8%	10.9%
36 maande	14.0%	13.2%	9.5%
60 maande	10.2%	10.0%	9.6%

* Die portuurgroep-topkwartiel bestaan uit die beleggingsbestuurders wat driekwart van hul portuurgroep oortref het. Die portuurgroepmaatstawwe is verkry van die Willis Towers Watson Industry Median Survey.

Dit is belangrik om te onthou dat spaar vir aftrede 'n langtermynbelegging is. Moet dus liever nie te veel op korttermyn-beleggingsopbrengste fokus nie. Dit is egter verblydend om te sien dat die Groeiportefeulje die portuurgroep-topkwartiel oortref het oor die metingstydperke van drie en vyf jaar tot 31 Desember 2021.

Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste (na aftrekking van fooie) van SURF se portefeuljes tot 31 Desember 2021:

Portefeulje	Aanvang	Opbrengs oor 12-maandetydperk	Inflasie oor 12-maandetydperk	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie sedert aanvang (p.j.)
Groei	01/04/2009	22.3%	5.9%	13.1%	5.0%
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	24.8%	5.9%	11.0%	4.4%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	17.3%	5.9%	9.8%	4.4%
Kapitaal-beskerming	01/04/2009	5.1%	5.9%	7.2%	5.0%
Shari'ah	01/12/2017	21.8%	5.9%	8.2%	4.4%
Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje	01/10/2020	11.6%	5.9%	13.1%	5.0%

Die Groeiportefeulje het oor die jaartydperk 'n uitstekende opbrengs van 22.3% in absolute terme behaal, en 'n baie goeie reële opbrengs van 8.1% p.j. sedert aanvang (oor die tydperk van 1 April 2009 tot 31 Desember 2021).

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se eenjaar-opbrengs van 24.8% was besonder bevredigend, en 2.5% hoër as dié van die Groeiportefeulje. Die portefeulje se reële opbrengs was 6.6% p.j. oor die tydperk sedert aanvang (vier jaar en elf maande), wat 'n uitstekende uitkoms is, as die strawwe marktoestande oor hierdie tydperk in ag geneem word.

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se eenjaar-opbrengs van 17.3% was uitstekend, met inagneming van die portefeulje se risikoprofiel. Die portefeulje het ook 'n voortreflike 5.4% p.j. sedert aanvang (vier jaar en elf maande) behaal.

Met inagneming van die lae rentekoers-omgewing, het die Kapitaalbeskerdingsportefeulje 'n opbrengs van 5.1% oor die jaartydperk gelewer. Die inflasiekoers oor hierdie tydperk was 5.9%, wat beteken die portefeulje het 'n negatiewe reële opbrengs van -0.8% aangeteken. Die SARB het egter die repokoers beide in November 2021 en Januarie 2022 met 0.25% verhoog, tot die huidige vlak van 4%. Dit belooft goed vir die portefeulje, omdat hoër korttermyn-rentekoerse beteken dat die portefeulje verwag om beter te vaar in absolute en reële terme. Die portefeulje het sedert aanvang 'n baie goeie reële opbrengs van 2.2% p.j. behaal.

Die Shari'ah-portefeulje het 'n bevredigende eenjaar-opbrengs van 21.8% behaal. Die portefeulje het oor die tydperk sedert aanvang (1 Desember 2017 tot 31 Desember 2021) 'n reële opbrengs van 3.8% p.j. aangeteken.

Die Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje het 11.6% oor die jaartydperk en 13.1% p.j. oor die tydperk sedert aanvang behaal. Dit het oor hierdie tydperke swakker gevaar as sy maatstaf, en die Beleggingssubkomitee hersien tans hierdie portefeulje.

Vir meer inligting oor die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>.

5. Beleggingsbeleidsverklaring

Die Beleggingsbeleidsverklaring van die Fonds bestaan uit twee afdelings, naamlik Grondbeginsels en Implementering. In die afdeling Grondbeginsels word meer besonderhede verstrek oor die Fonds se missie, die kernbeleggingsoorligting wat deur die Raad van Trustees aanvaar is, die beleggingsmodel, portefeuljesamstelling, keuring van bestuurders, keuse van indekse (maatstawwe), ESG-beleid (oor omgewing-, veiligheid- en gesondheidsake), fooibeginsels en belangebotsings. Die Implementeringsafdeling verskaf meer besonderhede oor elk van die Fonds se lidbeleggingskeuse-portefeuljes asook die lewensfase-model.

Die Fonds se Beleggingsbeleidsverklaring is in 2021 hersien en die volgende verandering is aan die Implementeringsafdeling aangebring:

- Die beleggingsdoelwit en beleggingsbestuurder van die Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje is bygevoeg.
- Die annuïteitstrategie is hersien en bygewerk.

6. Reëlverandering

In 2021 is die Fondsreëls om die volgende redes hersien:

Reël wysiging 1

Vanaf 1 Maart 2021:

- Om voorsiening te maak vir die oordrag van onopgeëiste voordele van voorsorgfondse na pensioenbewaringsfondse en voorsorgbewaringsfondse, in ooreenstemming met inkomstebelastingwetgewing.
- Om voorsiening te maak vir die annuïtisering van voorsorgfonds-afreevoordele, soos voorgeskryf deur T-dagwetgewing.
- Om te bepaal dat 'n kombinasie van 'n annuïteit wat deur die Fonds verskaf word en 'n annuïteit wat by 'n versekeraar gekoop word, gekies kan word nadat die SA Inkomstediens se Algemene Nota 18 onttrek is.

Die reël wysiging is deur die FSCA geregistreer en vir belastingdoeleindes goedgekeur op 6 Oktober 2021.

Reël wysiging 2

Vanaf 1 Januarie 2022:

- Om voorsiening te maak vir die minimum (basiese) werkgewerbydraekoers ten opsigte van nuwe werknemers wat lede word vanaf die effektiewe datum, naamlik 15% van pensioengewende salaris.

Die reël wysiging is deur die FSCA geregistreer en vir belastingdoeleindes goedgekeur op 15 September 2021.

7. Elektroniese voordeel- en projeksiestate

Sedert 2020 stuur SURF beide voordeel- en projeksiestate elektronies aan lede via InfoSlips. Lede kan toegang tot hul state kry deur middel van 'n aanhangsel wat per e-pos aan hulle gestuur word. Die state word beskerm deur 'n wagwoord, wat jou identiteitsnommer of jou paspoortnommer sal wees. Harde kopieë van state sal nog steeds gelewer word aan lede wat nie toegang tot e-pos of die internet het nie. Lede kan ook toegang kry tot alle state wat via bogenoemde platform aan hulle gestuur word, deur hul identiteitsnommer as wagwoord te gebruik.

Onthou, die projeksiestaat wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geraamde maandelikse pensioen soos op die normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal kan word wanneer die pensioen gekoop word. Neem asseblief kennis dat die geraamde maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede 75% van hul indiensnemingskoste behoort.

Die aannames waarop die projeksiestate berus, is dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar (**Retirement Calculator**) op Sanlam se aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web) gebruik word.

Met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede neem die projeksiestate van 31 Desember 2021 ook die na-aftrede mediesefonds-subsidie in ag waarvoor sommige lede kwalifiseer. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojektsies maak.

Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2021 en jou aftreefondsbydraes vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2021, asook aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele. Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

Jy sal jou vorige voordeel- en projeksiestate van die laaste twee jaar op **InfoSlips Viewer** kan bekyk. Om dit te kan doen, moet jy op InfoSlips Viewer registreer. Hier is 'n paar eenvoudige stappe om toegang tot jou state te verkry:

- Gaan na <https://viewer.infoslipscloud.com> en klik op "Register" onderaan die bladsy.
- Jou gebruikernaam is jou e-posadres. Tik 'n wagwoord in wat jy sal onthou. Die wagwoord moet 'n hoofletter, syfer en akroniem bevat.
- Klik op "Register".
- Kies Suid-Afrika as 'n land.
- Kies jou e-posadres en "Sign up".
- InfoSlips sal vir jou 'n SMS as bevestiging stuur, sodat die gebruiker die registrasieproses kan voltooi.
- Klik op die skakel in die SMS vir die gebruiker om 'n aanmeldprofiel te skep, en kies dan "Update" om die registrasieproses te voltooi.
- By voltooiing kan die gebruiker aanmeld deur die profiel te gebruik wat geskep is, en na alle vorige state kyk.

8. Bydraes tot die Fonds

In 2020 het die Fonds die minimum bydraekoers vir SURF tot 5% van pensioengewende salaris verlaag, met uitsluiting van bydraes vir risikovoordere, om aan lede 'n mate van finansiële verligting te gee gedurende die moeilike tyd wat deur Covid-19-geïnduseerde inperkings veroorsaak is. Lede kon hul vergoedingspakket herstruktureer deur 'n laer bydrae-opsie te kies.

Om lede te help om hul bydraes tot SURF te verhoog, het die trustees besluit om bydraes outomaties met 2.5% per jaar te verhoog vir lede wat minder as 15% van pensioengewende salaris bydra. Die eerste inkrementele verhoging van 2.5% het in Januarie 2021 in werking getree en verhogings sal voortgaan totdat die lid die bydraevlak van 15% van pensioengewende salaris bereik. Indien daar egter lede is wat nie die outomatiese inkrementele verhoging van 2.5% van pensioengewende salaris kan bekostig nie, kan hulle kies om dit nie te implementeer nie, deur Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum te kontak (+27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za). Lede moet saam met hul finansiële adviseur die voordele en nadele opweeg voordat hulle oorweeg om nie die verhoging te aanvaar nie.

Die Fonds het ook die reël wysiging wat 'n verlaagde bydraekoers van 5% toelaat, omgekeer om seker te maak dat alle nuwe werknemers wat vanaf 1 Januarie 2022 aangestel word minstens 15% van pensioengewende salaris bydra.

Dit is nog steeds elke lid se eie verantwoordelikheid om, in oorleg met hul finansiële adviseur, genoeg tot hul aftreespaarfonds by te dra om hul lewenspeil gedurende aftrede te kan voortsit. Boonop werk saamgestelde rente op aftreebeleggings in die guns van

dié wat meer spaar en vroeër begin. Daarom moedig SURF lede wat die bydraevlak van 15% van pensioengewende salaris kan bekostig, aan om hul bydraes eerder vroeër as later tot hierdie vlak te verhoog.

SURF het die heffing om administrasiekoste van die Kostereserwerekening te dek, van 0.225% tot 0.15% van pensioengewende salaris verlaag om lede te help om meer vir aftrede te spaar.

Onthou:

Bydraes tot aftreespaarprodukte is belastingaftrekbaar tot 27.5% van “besoldiging” of “belasbare inkomste”, wat ook al die grootste is, onderhewig aan ’n maksimum van R350 000 per jaar. SURF laat lede toe om tot 35% van pensioengewende salaris by te dra. Pensioengewende salaris is 75% van totale koste vir die maatskappy, en is dus min of meer dieselfde as 27.5% van besoldiging of belasbare inkomste soos deur die SA Inkomstediens toegelaat word.

Jy kan ook maandelikse Addisionele Vrywillige Bydraes (AVB's) of enkelbedrag-AVB's tot die Fonds lewer. Dit is addisionele bydraes tot jou aftreefonds en die werkgewer se betaaldafdeling trek dit direk van jou salaris af.

AVB's stel jou in staat om jou aftreespaarfonds te verhoog, en geen administrasiefooie is daarop betaalbaar nie. Dit beteken dit kos jou niks om addisionele vrywillige bydraes tot SURF te lewer nie. Jy sal baat vind by die gunstige beleggingsfooie as gevolg van die skaalvoordele wat danksy die kollektiewe grootte van die Fonds se belegging verkry word. Die AVB's sal in dieselfde beleggingsportefeulje as jou fondsbydraes belê word en verdien dus dieselfde beleggingsopbrengste. Jy sal dus voordeel trek uit stewige beleggingsopbrengste wat belastingvry is.

Gebruik die **Retirement Calculator** op Sanlam Retirement Fund Web om te sien watter uitwerking jou *bydraekoers*, *beleggingskeuse* en *aftree-ouderdom* op jou pensioen sal hê wanneer jy die normale aftreedatum bereik, wat as jou geraamde pensioenverhouding aangedui word.

9. Belangrike vrae om jou finansiële adviseur te vra

Hier aan die begin van 'n splinternuwe jaar is dit tyd om seker te maak dat jy goed ingelig is oor jou finansiële posisie, en om voor te berei vir wat die toekoms kan inhou. 'n Belangrike manier om dit te doen, is om met 'n geregistreeerde finansiële adviseur te gesels. Ons reken miskien ons verstaan die individuele stukke van die legkaart wanneer dit by geldsake kom, maar finansiële adviseurs kan ons help om die groter geheelbeeld raak te sien.

Dit kan moeilik wees om te besluit watter kwessies die belangrikste is om met jou adviseur te bespreek. Hier is 'n paar maniere waarop jy kan sorg dat jy die maksimum voordeel kry uit enige konsultasie met 'n geregistreeerde finansiële adviseur.

- **Belasting:** Bewustheid van jou jaarlikse belastingbydraes hou verskeie voordele in. Dit sal nie net verseker dat jy in die Ontvanger se goeie boeke is nie, maar jou ook meer bewus maak van items waarop jy vir belastingkortings kwalifiseer.
- **Foioe:** Of dit jou bankrekening-, aftreefonds- of versekeringsfooie is, as jy weet wat jy aan finansiële heffings betaal, kan dit jou help om klein bedraggies te spaar wat saam mettertyd groter besparings word.
- **Versekering:** Baie mense is onbewus van die feit dat hulle oorverseker kan wees, veral soos hulle ouer word en minder afhanklikes het. Jou finansiële adviseur kan jou help om te bepaal of jy oorbestede aan versekering, en jou op dié manier help om beduidende besparings te verkry.
- **Aftrede:** Hoewel die bereiking van jou aftreedoelwitte na 'n gedugte taak kan lyk in die groter geheel van jou toekomstige finansies, kan jou finansiële adviseur jou help met beplanning om jou spaarfondse te verhoog en ook die voordele daarvan aan jou verduidelik.
- **Jou begunstigdes:** Wanneer 'n lewensveranderende gebeurtenis soos geboorte, afsterwe, trou of egskeiding plaasvind, is dit uiters belangrik om jou testament te hersien, sowel as die begunstigdes wat jy op al jou polisse en beleggings benoem het in die geval van jou dood.

Laastens is dit uiters belangrik dat jy vra: Is ek nog op koers met elk van my finansiële doelwitte? Om realistiese doelwitte te stel en daarop te bly fokus, is deurslaggewend vir sukses. Sonder duidelik gedefinieerde doelwitte sal jy dalk sukkel om, in plaas van net die individuele legkaartstukke, die groter geheelbeeld van jou finansies te visualiseer.

“Wees onwrikbaar oor jou doelwitte en buigsaam oor jou metodes.”

Vrywaring: Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, bylaes ingesluit, moenie beskou word as finansiële advies ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste van 2002, of enige ander vorm van advies nie. Geen waarborg word gegee dat die inligting gepas of geskik is vir enige spesifieke doel nie.

Bron: InSite Innovative Education Solutions (Pty) Ltd 2022 - www.insiteeducation.co.za

10. Koste van risikovooredele

Covid-19 het 'n geweldige impak op die versekeringsbedryf en veral groepversekering gehad. Op 'n nasionale vlak was die getal sterfte-eise wat in die eerste drie vlae van die pandemie ondervind is en die gemiddelde eisbedrae baie hoër as wat verwag en in vorige jare betaal is. Die US Groeplewens- en Begrafnisskemas se eiseondervinding het ooreengestem met die nasionale ervaring. Die getal sterftes het in 2021 verdubbel teenoor vorige jare. Insgelyks het SURF se pensioenskema vir gades en kinders (goedgekeurde voordeel) dieselfde toename in getal eise getoon.

Die premietariefverhoging weerspieël die huidige risikoprofiel van die skemas en die verwagte ervaring teen die agtergrond van die ekonomiese omgewing en die potensiele impak van die Covid-19-pandemie. 'n Volledige markondersoek van alle skemas se tariewe is in die vierde kwartaal van 2021 gedoen. Momentum se tarief vir die Gade- en Kinderpensioendekking in SURF en die nie-goedgekeurde US Groeplewenskema het gestyg vir 2022. Weens die beduidende premieverhoging het Momentum ingestem om werknemers toe te laat om hul vyf keer-dekking na drie of vier keer te verminder vir die nie-goedgekeurde US Groeplewenskema.

Momentum het die tarief vir die permanente gesondheidsversekeringsvooredele (PHI) dieselfde gehou.

Old Mutual se tarief vir die gadedekking en die begrafnisskema het ook gestyg. Ons kan jou verseker dat ons die beste tariewe in die mark vir dieselfde vooredele en bepalinge en voorwaardes vir ons werknemers verkry het. Versekerars het aangedui dat namate meer mense ingeënt word en ons bevolkingsimmunititeit opbou, die getal eise kan afneem en dat premies dan moontlik weer verlaag kan word. Ons moedig dus alle werknemers aan om ingeënt te word.

Onthou:

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kinders het nie, kan jy kies om nie die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in SURF te kry nie.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde Sterftevooredeel in SURF te hê nie, en later wel trou en/of kinders kry, sal jy die versekerde Sterftevooredeel in SURF moet kies om te verseker dat daar na jou gade en/of kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) vir meer inligting oor hoe om hierdie opsies uit te oefen.

11. Hoekom dit so belangrik is om jou begunstigdebeneemingsvorm op datum te hou

Sedert 1 Augustus 2021 word alle eise vir die US Groeplewenskema (sterftevooredeel van die nie-goedgekeurde groeplewenspolis) uitbetaal ooreenkomstig die oorlede **lid se begunstigdebeneemingsvorm**. Waar 'n minderjarige kind benoem word om vooredele volgens die nie-goedgekeurde groeplewenskema te ontvang, sal die voordeel aan die kind se ouer of wettige voog, of aan 'n trust betaal word indien die lid/ouers so aangedui het.

Die Versekeringswet het voorheen die versekeraar toegelaat om die sterftevooredeel van die nie-goedgekeurde groeplewenspolis aan die polishouer – d.i. die werkgewer – te betaal. Die werkgewer het dan die begunstigdes geïdentifiseer en die vooredele ooreenkomstig artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse toegeken. Veranderinge aan die Versekeringswet (Wet 18 van 2017) vereis egter nou dat **nie-goedgekeurde sterftedekking direk aan begunstigdes uitbetaal word ooreenkomstig die oorlede lid se begunstigdebeneemingsvorm**.

Indien die oorlede lid **nie** 'n begunstigde **benoem** het nie, of waar die benoeming ongeldig is, moet die versekeraar die voordeel aan die oorlede **lid se boedel** betaal. Dit is nie ideaal nie, omdat dit sal beteken begunstigdes moet dan die lang en duur proses onderneem om die bestorwe boedel by die Meester van die Hoë Hof aan te meld vir beredding, wat die aanstelling van 'n eksekuteur insluit. Die eksekuteur moet dan 'n distribusierekening opstel wat geadverteer moet word en ter insae beskikbaar moet wees. Hierdie uitgerekte proses kan vermy word indien lede hul begunstigdes duidelik identifiseer deur die beneemingsvorm in te vul.

Kortom – dit is nou belangriker as ooit tevore dat jy 'n begunstigdebeneemingsvorm vir die nie-goedgekeurde groeplewensdekking (sterftevooredeel) invul. Die werkgewer sal die ingevulde beneemingsvorm hou. Indien die lid te sterwe kom, moet die beneemingsvorm saam met die eis ingedien word.

Onthou ook om jou beneemingsvorm op datum te bring wanneer daar ook al 'n lewensveranderende gebeurtenis plaasvind – soos egskeding, die geboorte/aanneming van 'n kind of die dood van 'n benoemde. Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) vir meer inligting oor hoe om jou begunstigdebeneemingsvorm op datum te bring.

12. Regering se voorstel oor toegang tot 'n deel van jou aftreevoordeel terwyl jy nog 'n aktiewe fondslid is

Volgens huidige wetgewing en beleid word lede van aftreefondse slegs wanneer hulle diens verlaat – d.i. by bedanking en aflegging – toegelaat om voor aftrede toegang tot hul aftreespaargeld te kry.

Die regering werk aan voorstelle om lede toe te laat om in sekere omstandighede voor aftrede beperkte onttrekkings uit hul aftreefondse aan te gaan, mits dit gekoppel is aan verpligte bewaring van fondse by bedanking uit 'n maatskappy. 'n Voorstel word tans oorweeg vir 'n gestruktureerde tweepot-stelsel vir aftreespaargeld, wat dit moontlik sal maak om toekomstige bydraes te herstruktureer. Die een pot moet tot aftrede bewaar word, en die tweede pot sal in noodgevalle of buitengewone omstandighede onttrekkings voor aftrede toelaat.








Die Nasionale Tesourie het lede gevra om geduldig te wees terwyl hulle daaraan werk om die nuwe stelsel op die been te bring. Die regering is in gesprek met vakbonde, aftreefondse en betrokke partye om die fyner besonderhede te bepaal van hoe die beperkte onttrekkings voor aftrede sal werk. Voordat sulke onttrekkings toegelaat word, sal die Wet op Pensioenfondse gewysig moet word en die reëls van die aftreefonds sal daarvoor voorsiening moet maak. Die onttrekkings voor aftrede sal blykbaar slegs in spesiale omstandighede toegestaan word.

Lede van aftreefondse word aangeraai om NIE hul aftreefondse met die oog op onttrekkings te kontak nie (tensy hulle aftree, bedank of afgelê word), aangesien aftreefondse nie wetlik by magte is om onttrekkings voor aftrede toe te laat voordat die wet bekragtig is nie. Ons sal lede op hoogte hou van enige ontwikkelinge in hierdie verband.

13. Wat is 'n voorsorgfonds?

Oor die jare het die Wysigingswet op die Belastingwette verskeie belangrike veranderings aan die belastingaftrekbaarheid van bydraes en die betaling van voordele by aftrede aangebring. Hier is net weer 'n oorsig van wat 'n voorsorgfonds is en hoe dit werk.

'n Voorsorgfonds is 'n aftreefonds wat deur 'n werkgewer geskep word om werknemers te ondersteun deur finansiële vir hul aftrede voorsiening te maak en in die geval van 'n werknemer (lid) se afsterwe voordele aan die lid se gesin te verskaf.

 <p>Belastingaftrekbaarheid van bydraes wat in die fonds inbetaal is – voor 1 Maart 2016</p>	<p>Lidbydraes: nie belastingaftrekbaar nie. Werkgeewerbydraes: tot 20% van goedgekeurde vergoeding. (Byvoordeelbelasting op werkgewerbydraes was nie in die lid se hande betaalbaar nie.)</p>
 <p>Belastingaftrekbaarheid van bydraes gelewer aan die fonds – na 1 Maart 2016</p>	<p>Altesaam 27.5% van besoldiging of belasbare inkomste, wat ook al die grootste is. Die maksimum belastingaftrekbare perk is R350 000 elke jaar. Bydraes bo hierdie perk word toegelaat, maar sal nie vir 'n belastingaftrekking kwalifiseer nie.</p>
 <p>Hoe die aftreevoordeel uitbetaal word – voor 1 Maart 2021</p>	<p>'n Lid kan 'n hul volle of 'n gedeelte van hul opgeloopte saldo in die fonds in kontant neem, en die oorblywende gedeelte kan gebruik word om 'n pensioen (of annuïteit) te koop.</p>
 <p>Hoe die aftreevoordeel uitbetaal word – na 1 Maart 2021</p>	<p>'n Lid kan hoogstens 1/3 van hul opgeloopte saldo in die fonds in kontant neem, en die oorblywende 2/3 moet gebruik word om 'n pensioen (of annuïteit) te koop.⁽¹⁾ Indien die lid se opgeloopte saldo minder as R247 500 is, kan die volle bedrag in kontant geneem word by aftrede.</p>
 <p>Oordrag – voor 1 Maart 2021</p>	<p>Oordrag is belastingvry na 'n pensioen- of voorsorgfonds, of na 'n uittreeannuïteit (UA)-fonds.</p>
 <p>Oordrag – na 1 Maart 2021</p>	<p>Oordrag is belastingvry na 'n pensioen- of voorsorgfonds, 'n pensioen- of voorsorgbewarings-fonds, of na 'n UA-fonds.</p>
 <p>Onttrekkingsvoordeel (geen veranderings nie)</p>	<p>Lede kan 'n enkelbedrag in kontant neem by onttrekking</p>

⁽¹⁾ Dit is baie belangrik om daarop te let dat dit slegs van toepassing is op **bydraes gelewer na 1 Maart 2021** deur lede wat jonger as 55 is. Alle saldo's wat gespaar is tot 28 Februarie 2021, kan nog steeds ten volle in kontant geneem word by aftrede. Lede wat ouer as 55 is, kan nog steeds hul totale opgeloopte saldo in kontant neem by aftrede (mits hulle nie van fonds verander nie).

Bron: Pensions World SA

14. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web) en die Sanlam-app te registreer. Dit gee jou toegang tot jou persoonlike besonderhede, jy kan sien **waar jou geld belê is** en hoe die **beleggingsportefeulje-opbrengste** lyk, en jy kan ook jou **jongste fondskrediet** en **risikovooredele** nagaan – alles met die druk van 'n knoppie, 24 uur per dag en 7 dae per week. Die **Retirement Calculator** kan jou help om uit te vind of jy genoeg vir aftrede spaar. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam op een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op *Login* (bo regs) en kies *Secure Services*.
- Kies *Register* en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerkode / gebruikernaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord omdat dit net een keer gebruik kan word.

Hoe kry ek toegang tot die app?

Laai die **Sanlam My Retirement**-app af van Google Play Store of Apple App Store. Gebruik jou gebruikerkode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou SURF-inligting.

15. Bestuur van die Fonds

SURF se Raad van Trustees bestaan uit vyf werkgewer- en vyf lidtrustees.

Die volgende trustees is deur die werkgewer aangestel:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige termyn verstryk
Prof Niel Krige	Voorsitter en Werkgewer-trustee	Prof Krige is buitengewone professor by USB en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.	17 November 2023
Prof Johann de Villiers	Werkgewer-trustee	Prof De Villiers is 'n professor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 1 November 2000 as 'n trustee.	31 Oktober 2024
Mnr Manie Lombard	Werkgewer-trustee	Mnr Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.	4 Mei 2023
Mnr Victor Mothobi	Werkgewer-trustee	Mnr Mothobi is Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en dien sedert 1 Januarie 2018 as 'n trustee.	31 Desember 2023
Mnr Johan van der Merwe	Werkgewer-trustee	Mnr Van der Merwe is mede- uitvoerende hoof van African Rainbow Capital en dien as 'n direkteur in die direksies van verskeie maatskappye. Hy is sedert 5 Februarie 2019 'n trustee.	4 Februarie 2022

Die verkose lidtrustees is:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige termyn verstryk
Prof Tanja Ajam	Lidtrustee	Prof Ajam is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap. Sy het sedert 7 Desember 2019 as 'n sekondus-trustee gedien en is sedert 28 Augustus 2020 'n volle lidtrustee.	6 Desember 2022
Mnr Ché Bermosky	Lidtrustee	Mnr Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit. Hy het sedert 1 Januarie 2018 as 'n sekondus-trustee gedien en is sedert 7 Desember 2019 'n volle lidtrustee.	6 Desember 2022
Mnr Peter Kirsten	Lidtrustee	Mnr Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee.	6 Desember 2022
Prof Wikus van Niekerk	Lidtrustee	Prof Van Niekerk is Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	6 Desember 2022
Prof Johan van Rooyen	Lidtrustee	Prof Van Rooyen was 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee – aanvanklik as 'n sekondus-trustee en later as 'n volle trustee.	6 Desember 2022
Mnr JP Steyn	Sekondus-lidtrustee	Mnr JP Steyn is van die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 28 Augustus 2020 as 'n sekondus-trustee.	6 Desember 2022

Mnr Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

16. Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer

Ons herinner jou dat SURF vir lede van 53 en ouer 'n gratis finansiële adviesdiens aanbied, wat verskaf word deur 'n paneel van vyf voorkeurdienersverskaffers. Lede wat aftrede oorweeg of individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om die adviesdiens te benut.

Die diensverskaffers is:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:

+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@forbes.co.za

Efficient Wealth:

+27 (0) 21 914 8030 | andrew@efw.co.za

FinFocus:

+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:

+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:

+27 (0)21 947 1028 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienersverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

Dis maklik om hierdie diens te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0)21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy geregtig is om die diens te gebruik.

17. Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trustees aangestel om met die bestuur van die Fonds te help. Hul pligte word hieronder uiteengesit:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel- en aktuariële advies	<ul style="list-style-type: none"> • Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing. • Hulp met kommunikasie aan lede. • Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurtoesig. • Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal.
Willis Towers Watson	Beleggings-advies	<ul style="list-style-type: none"> • Advies oor die Fonds se beleggingstrategie. • Bystand met die keuring en evaluering van beleggingsbestuurders.
Sanlam Aftreefonds Administrateurs	Fonds-administrasie	<ul style="list-style-type: none"> • Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes. • Oorpasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders. • Betaling van eise. • Uitreiking van voordeelstate. • Daaglikse boekhouding, en opstel van die finansiële jaarstate.
ABSA Bank	Bankiers	<ul style="list-style-type: none"> • Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
Momentum	Versekeraar	<ul style="list-style-type: none"> • Versekering van die Sterftevoordeel (Gade- en Kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls.
Sygnia Allan Gray Coronation Ninety One Sanlam Old Mutual STANLIB	Batebestuurders	<ul style="list-style-type: none"> • Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waarvoor met die Raad van Trustees ooreengekom is.
Ernst & Young Geink.	Ouditeure	<ul style="list-style-type: none"> • Doen eksterne oudits.

18. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoeding- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant in verbinding tree. Kontak die hoofbeampte indien jy enige klagte oor SURF het.

Hoofbeampte	Japie Kotzé Tel: +27 (0)21 808 2754 E-pos: jjsk@sun.ac.za
Voordeelkonsultant	Alfreda April Tel: +27 (0)21 912 3316 E-pos: alfreda@simekaconsult.co.za
Vergoeding- en Voordele-afdeling	Peter Kirsten Tel: +27 (0)21 808 3740 E-pos: pkirsten@sun.ac.za / sun-e-hr@sun.co.za
Pensioenfondsberegter (PFB)	E-pos: enquiries@pfa.org.za Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.

